LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: laervolk@netactive.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

29-02-2016

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 8 VIR 2016

HOUDING / WAARDE:

VOLKIES SE WAARDES IS:

G - GELOOF
R - RESPEK
I - INTEGRITEIT
L - LOJALITEIT

1 **ATLETIEK 2016:**

Baie geluk aan al ons atlete by name: Marli Schoeman, Tiané Steyn, Kay-Lee Baird, Michael de Beer, Marilique Greyling, Jana du Plessis, Armand Carstens, Danielle Verwoerd, Janca Fouché, Ruben Olivier & JC van Tonder wat by die Gauteng Kampioenskappe so pragtig presteer het. Ons is baie trots op elkeen van julle!
Baie geluk aan Danielle Verwoerd wat op 10, 11 & 12 Maart 2016 aan die SA Kampioenskappe gaan deelneem! Ons almal wens jou baie sterkte toe!

2 **SNOEPIE**:

Die snoepie se spyskaart is beskikbaar op facebook en op 'n bord voor die snoepie. Leerders word vriendelik versoek om asb in die oggend voor skool, bestellings te plaas by die snoepie self vir hulle kos vir die dag.

3 **GRAAD 1 BRING EN BRAAI:**

Baie dankie aan al die Graad 1 ouers wat die braai bygewoon het. Ons het baie lekker gekuier!

4 **KOOR**:

- **SENIORKOOR**:
  Op Vrydag, 4 Maart gaan die seniorkoorlede weer karre oppas op die rugbyveld vir die Nagmark. Trek asb iets met 'n B aan.
- Die Jaarlikse koorkamp is op Vrydag, 11 Maart vanaf 14:00 - 20:00. Verdere inligting volg later. Dit is baie belangrik om dié kamp by te woon.

5 **SKAAK**:

Daar sal hierdie week oefening wees vir die Juniors op Maandag vanaf 16:00 - 17:00 en vir die Seniors op Woensdag vanaf 14:30-15:30.
Die Volkies het besonder goed gevaar tydens die Sedibeng Gala Prysuitdeling vir 2015. Ons skool is aangewys as die Laerskool wat in 2015 die beste gevaar het deurdat hulle Ligaspan derde in Gauteng geeïndig het. Laer Volkskool was ook die skool in Sedibeng wat die meeste leerders gehad het wat Sedibeng gedurende die SAJCC (Suid-Afrikaanse Junior Skaakkampioenskappe) te UCT in Januarie verteenwoordig het. Brandt Huisamen is aangewys as die Sedibeng seuns skaakspeler van 2015. Div Huisamen is aangewys as die Sedibeng o/8 seun van die jaar en het ook erkening gekry vir sy Bord 1 bordprys by die SAJCC. Brandt Huisamen is ook aangewys as die o/10 seun skaakspeler van die jaar. Stefan Grobler het weggestap met die Sedibeng o/14 seunsbeker van die jaar.
Div Huisamen, Brandt Huisamen en Lisa-Marie de Villiers het gekwalifiseer vir die Suid-Afrikaans Geslote Skaakkampioenskappe (SAJCCC) wat 20 – 26 Maart te Bloemfontein gaan plaasvind.
Al die spelers wat aan die SAJCC deelgeneem het, het weer sertifikate ontvang.
Gabriella Roos en Claryn van Niekerk het onderskeidelik die o/8 en o/14 gesindheidstoekenings ontvang. In elke span wat SAJCC toe was is een leerder in elke ouderdomsgroep aangewys wat hierdie "Twistee Award" ontvang het.

6 **RUGBY**:

Datums om te onthou:

- Op 4/5 Maart neem die 0/13 span deel aan die St. Benedicts toernooi. Baie sterkte!
- Op 8 Maart het ons 'n rugby- en netbaldag te **Laerskool Christiaan Beyers**, weg.

RUGBY			**NETBAL**				
TYD	A-VELD	B-VELD	TYD	Kort-teer	Lank-Tennis	Lank-Teer	Kort-Tennis
14:30	0/11	0/10	14:30	0/10 A	0/13B	0/11A	0/9A
15:20	2DE	0/9	15:15	0/10B	0/11B	0/12B	0/9B
16:05	1STE		16:00		0/12A		

- Ons wedstryde van Saterdag, 12 Maart te Laerskool Fonteine is gekanselleer.
- Super 8 rugby- en netbal vind vanjaar weer plaas in Kroonstad vanaf 8-9 April. Onthou asb om vir u as ouers verblyf te bespreek, die gastehuise is beperk.
- PA EN SEUN RUGBYDAG IS OP 21 MEI - BULLE VS STORMERS OP LOFTUS!
- As daar enige pappa's is wat belangstel om te help afrig by ons B-spanne, kontak asb die skoolkantoor.
- **RUGBY DATUMS:**

LIGADATUMS:		**VRIENDSKAPLIKE DATUMS:**	
0/9 - 1STE SPANNE (A & B SPANNE)			
28 Apr:	L/skool Midvaal- Tuis	25 Feb:	L/skool Edleen - Tuis
3 Mei:	L/skool Vaalpark - Tuis	8 Mrt:	L/skool Christiaan Beyers - Weg
12 Mei:	L/skool Risiville - Tuis	10 Mrt:	L/skool Westwood - Weg
17 Mei:	L/skool Vryheidsmonument - Weg		
19 Mei:	L/skool Emfulenipark - Weg		
26 Mei:	L/skool Kollegepark - Tuis		
2 Jun:	L/skool Fonteine - Weg		

7 **RUGBY TOERSPAN:**

Die 1ste rugby toerspan verkoop Vrydag, 4 Maart, Jaffels en Super hotdogs @ R12 elk. Bestellings kan in die registerklasse geplaas word.

8 **NETBAL 2016:**

LIGADATUMS:	**VRIENDSKAPLIKE WEDSTRYDE:**
0/10 - 1ste spanne (A & B spanne)	**0/9 - 1ste span (A & B spanne)**
14 Apr: L/skool Kollegepark - Weg	8 Mrt: L/skool Christiaan Beyers - Weg
28 Apr: L/skool Midvaal- Tuis	10 Mrt: Laerskool Westwood - Weg
12 Mei: L/skool Risiville - Tuis	
17 Mei: L/skool Vryheidsmonument - Weg	
19 Mei: L/skool Emfulenipark - Weg	

9 **STUDIEMETODE-KLASSE:**

- Eerste kwartaal vind die studiemetode klasse plaas op Woensdae vanaf 16:00 - 16:50, vir Graad 4 in Juf Sanet se klas. Datums: 2 Maart & 9 Maart.
- Dit is noodsaaklik dat elke klas bygewoon moet word, aangesien dit op mekaar volg soos 'n kursus.
- Jy benodig: Eksamenblok; Gekleurde penne; "Highlighter"; Studiemateriaal word verskaf!

10 **MINI-NETBAL:**

Ons MINI-NETBAL begin oefen op Maandag, 29 Februarie soos volg:

Maandae, Dinsdae en Donderdae			
TYD	A	B	C
13:00 - 14:00	0/7	0/7	O/7
14:00 - 15:00	O/8	0/8	O/6
15:00 - 16:00	0/11	0/10	O/9
16:00 - 17:15	0/13	O/12	

- Nr 4 + 5 netbalballe is by Juf Alta en Juf Marica te koop @ R100.
- Let wel alle Graad 1 koordogters oefen nie op Maandae netbal nie, hulle oefen koor.
- Geen 0/7 netbalspeelsters sal benadeel word as gevolg van koor nie.

11 **WêRELDBIDDAG VIR VROUE:**

Al die mammas en hulle vriendinne word genooi na die Wêreldbiddag vir vroue op Vrydag, 4 Maart om 10:00 in die NG Suikerbosrand Gemeente. Die tema is "God se blommeruiker". Elke vrou word versoek om 'n blom saam te bring as deel van 'n groot ruiker.

12 **VOLKIE KLUB:**

Al ons ouers word uitgenooi na 'n BRING EN BRAAI op 2 Maart om 18:00 by die skoolsaal, om aan te sluit by die VOLKIE OUER-KLUB. U moet net u eie vleis, drinkgoed en piekniekmandjie pak. Ons het reeds met die Pa en seun-rugbybraai inligting aan u deurgegee. Wat die genoemde klub behels, is om ouers meer betrokke te maak en 'n geleentheid te skep om mekaar te leer ken. Verder wil ons dit ten doen stel om ons onderwysers te help om ons skool verder tot hoër hoogtes te vat. Soos die inligting in plek val, sal dit deurgegee word. Vir enige voorstelle of navrae kan u 'n epos stuur na club1907@laervolkskool.co.za of om direkte kommunikasie te ontvang, epos na drsjpotgieter@yahoo.com. Voltooi asb die onderstaande skeurstrokie en stuur môre terug!

13 **AKADEMIESE SPANNE VAN 4DE KWARTAAL 2015:**

Baie geluk aan die onderstaande leerders wat tydens die 4de kwartaal van 2015 se eksamen 'n gemiddeld 85 % gehad het.

GRAAD 4	GRAAD 5	GRAAD 6
Steph Labuschagne	Alisna Cloete	Chrisanne Strydom
Liané Grunding	Simeon Vorster	Danielle Verwoerd
Kaylee Harvey	Miné Fourie	Jana du Plessis
Suaté Pretorius	Ruben Olivier	Roux-Ché Roux
Dené Pieters	Nuschka Pretorius	Ruan Barnard
André Sprong	Mohammed Gani	Yuka Beukes
Petrie Everson	Franté Nel	Stefan Grobler
Jordan Harvey	Dominique De Sousa Jardim	Claryn van Niekerk
Michael de Beer	Marjoné Krüger	Janca Fouché
Matthew Luës	Keanu Coetsee	Zilke Hoffeldt
Carlé Dercksen	Dandré du Plessis	Mika Cronjé
JP Lee	Karli Kotzé	Elrike Kotzé
	Marli Schoeman	Cade v/d Spuy
	Marli du Plessis	Chanté Baird
	Christof Mulder	Janco van Tonder
	Herman Maré	Riaan v/d Walt
	Nihann Botha	Celine Oosthuizen
	Marinda Theron	Solitha Kruger
	Jean Rossouw	Anja Oelofse
	Reuben Stimie	Giacomo D'Arrigo
	Ivan Lombard	Zander Lourens
	Simone Grobler	Jaden Ludick
	Cornel du Plessis	Themedia Meyer
		Gerco Lochner
		Anri Beyers

14 **MINI-TENNIS:**

Afrigting begin eers in die 2de kwartaal. Verdere inligting sal deurgegee word.

15 **GRAAD 6 OUER VERGADERING:**

Ons vra dat al die Graad 6 ouers asb Donderdag, 3 Maart om 18:00 in die saal bymekaar sal kom vir 'n reëlings vergadering.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF

LAER VOLKSKOOL HEIDELBERG
VOLKIE KLUB BRING EN BRAAI

VOLTOOI EN STUUR ASB TERUG SKOOL TOE OP **1 MAART 2016**.

Ek/Ons _____ouers/voogde van _____

in Graad _____

□ ons _____(aantal) gaan die braai by woon

□ jammer ons sal dit ongelukkig nie bywoon nie.

_____ _____

HANDTEKENING VAN OUER/VOOG KONTAKNOMMER